



DIE STRANDLOPERS

Hierdie is die vierde verslag vanjaar. Ek is sedert die begin van April by Kruger Internasionaal betrokke waar portefeuljebestuur vir kliënte hanteer word. My nuwe kontak nommer is 011 726 7700 of 083 458 1370.

Politiek

- Die Midde-Ooste bly 'n kookpot wat nie in die nabye toekoms sal verbeter nie. Die aandag is tans veral toegespits op die probleme wat in Iran na vore tree weens die land se uraanverrykingsprogram. Die aanduidings is dat hierdie probleme in die weke wat kom, verder kan verdiep. Dit sal olie en ander kommoditeitspryse verder ondersteun. Intussen bly die probleme van Irak intens met geen aanduiding dat hierdie tammeletjie sal verdwyn nie. Die Palestyns/Israelse probleme is ook op die voorgrond met geen aanduiding dat dit binnekort sal verdwyn nie.
- Die Franse eerste minister moes die aftog blaas in sy poging om die arbeidsmark en dus indiensneming te vergemaklik. Die eerste minister van Italië het ook die onderspit in die afgelope verkiesing gedelf en alhoewel dit baie moeilik vir sy ego was, moes hy uiteindelik die uitslag aanvaar.
- Intussen ondersteun die probleme van Nigerië en spesifiek die van die Nigerdelta ook die olieprys. Hierdie probleme kan verder verdiep indien die huidige president die moeilikhede van dié land vir 'n derde termyn op sy skouers wil dra.
- Zimbabwe is steeds in staat om stilswyend die inflasiekoers verder te laat styg en die jongste syfer is 913.6% in Maart. Die skerpste styging was in die pryse wat mense in haarsalonne moes betaal nl 3 912% p.j. Hoe voordelig kan dit nou wees om bles te wees? Intussen verdwyn die land se ekonomie in die niet!

Internasionaal

- Die wêreld ekonomie bly sterk aan die gang en groei kan volgens die IMF vanjaar versnel tot 4.9%. In die eerste kwartaal het die Chinese ekonomie weer eens reële groei van meer as 10% gehaal. Terselfdertyd hoop Indië om reële groei van tussen 10% en 12% te haal. Intussen is die VSA ekonomie steeds op dreef om in 2006 groei van net minder as 3.5% te toon. Terselfdertyd neem die optimisme oor groei in Japan toe. Ongelukkig het die politieke probleme wat in Frankryk en Italië na vore getree het, 'n demper op die verwagtinge vir die Europese Unie se ekonomiese groei – wat sowat 2% kan haal – geplaas.
- Hierdie sterk ekonomiese groei, tesame met die politieke onstabieleit in die Midde-Ooste, het meegebring dat alle kommoditeitspryse verder die hoogte ingeskiet het. Dié sterk prystygings het tot inflasie vrese aanleiding gegee wat kommoditeitspryse verder laat styg het. Die tempo waarteen die kommoditeitspryse in baie gevalle tot nuwe rekord vlakke gestyg het, maak my onrustig, want dit hou uiteindelik nie meer verband met die werklike politieke onsekerheid of die fundamentele vraag en aanbod situasie nie. Solank die partytjie aan die gang is, is dit tot voordeel van kommoditeitslande soos ons, maar die risiko vir



regstellings in dié pryse word al hoe groter. Hierdie regstellings is feitlik onmoontlik om te voorspel en kan te enige tyd gebeur wanneer sentimente skielik in die markte verander.

- Inflasie is in al die groot nywerheidslande steeds goed onder beheer. Die skerp styging van die olieprys tot nuwe rekord vlakke tesame met die voortgesette sterk ekonomiese groei, het egter meegebring dat vrese vir hoër inflasie toegeneem het. Die aanduidings is dat die verbeterde aanwending van produksiefaktore en veral arbeid, inflasie steeds onder beheer hou. Hierdie toename in arbeidsproduktiwiteit is veral weens die toetrede van miljoene Chinese en Indiërs tot die arbeidsmark wat 'n impak het op die aanwending van arbeid en inflasie dwarsdeur die wêreld – ook in die RSA.
- Die jongste aanduidings is dat korttermynrentekoerse in die VSA, Euroland en Japan wel sal styg. My siening is steeds dat hierdie rentekoerse in die VSA tot in die tweede helfte van die jaar sal aanhou styg. In Euroland is die verwagting dat die sentrale bank rentekoerse sal verhoog van die huidige vlak van 2.5% tot sowat 3% aan die begin van 2007. In Japan verwag ek tans dat korttermynrentekoerse nie voor die einde van die jaar sal styg van die huidige nul vlak nie omdat die owerhede baie versigtig sal wees om nie die huidige herstel van dié ekonomie te skaad nie. In die VK word tans stabiele korttermynrentekoerse tot die einde van die jaar voorsien.
- Langtermynrentekoerse is uiteindelik aan die styg weens toenemende inflasie vrese asook die hoër korttermynrentekoerse wat in die nywerheidslande na vore tree.
- Soos reeds vermeld, is kommoditeitspryse in die algemeen aan die styg. In die geval van goud, is die skerp styging in die afgelope tyd toe te skryf aan die vrese dat inflasie sal styg asook die politieke onsekerhede wat gekoppel word aan die onstuimigheid wat tans in die Midde-Ooste aan die orde van die dag is. Verder word dit gekoppel aan die moontlike verdere verswakking van die dollar. Die onderliggende situasie ten opsigte van inflasie en die impak wat dit op die goudprys kan hê, het oor die afgelope twee dekades nie verander nie en verskil wesentlik van dit wat in die vroeë 1980's geheers het. Die vraag en aanbod situasie na goud, die onsekere internasionale politieke situasie en sentimente wat hieruit vloei, ondersteun wel die goudprys.
- Die olieprys word steeds ondersteun deur die sterk vraag wat weens die voortgesette ekonomiese groei in die wêreld aanwesig is, asook die onsekere politieke situasie wat produksie en uitvoere van produsente soos Iran, Irak en Nigerië raak. Die aanduidings is dat hierdie situasies nog geruime tyd 'n impak op die olieprys sal hê en dat verdere rekord vlakke nie tans uitgesluit kan word nie. Terselfdertyd is baie oliekenner van mening dat die huidige vlakke nie oor die langer termyn gehandhaaf kan word nie.

Plaaslik

- Die plaaslike ekonomie bly goed op dreef weens die voortgesette sterk private verbruiksbesteding. Die verbruik behoort vanaf April 'n verdere hupstoot te kry weens verlaagde belasting wat betaalbaar is en verhoogde welsynstoelaes wat uitbetaal sal word. Die voorgenome verhoogde besteding deur die owerheidsektor aan infrastruktuurontwikkeling behoort ook in die res van die jaar die ekonomie te stimuleer indien die planne van die grond kom.



- Die sterker verbruikersvraag het steeds 'n impak op die handels- en lopenderekeninge van die betalingsbalans en dui daarop dat die tekorte op hierdie rekeninge in 2006 verder sal styg. Gelukkig dat die hoë kommoditeitspryse die aandelebeurs ondersteun en steeds buitelandse kapitaal aanlok. Sodoende sal die tekorte vanjaar weer eens deur die invloed van korttermynkapitaal gefinansier word. Die totale reserwes van die land toon dat invoere voldoende gedek word en dat die betalingsbalans in sy geheel nog goed onder beheer is. Die risiko's rakende die betalingsbalans is egter steeds aan die toeneem en sal op 'n deurlopende basis die aandag van die Reserwebank verg.
- Tans word baie klem geplaas op die verkryging van opgeleide persone om al die projekte wat in die tydperk tot 2010 aangepak moet word, van stapel te stuur. Alhoewel ons almal sekerlik vaardiger en slimmer geword het in die Nuwe RSA, is ek steeds bekommerd oor die vaardigheid- en opleidingsvlakke. Ek is ook van mening dat dit nie so maklik sal wees om die tekorte aan kundigheid in die volgende paar jaar aan te vul nie. Hierdie tekorte kan in die volgende paar jaar verder vergroot indien emigrasie steeds voortgaan en die MIV/Vigs pandemie nie onder beheer kom omdat mense nie gereeld stort nie.
- Sentrale en provinsiale staatsfinansies bly onder beheer, terwyl meeste plaaslike owerhede steeds voortploeter – gelukkig dat Lydenburg wel R500 000 het om die burgemeester gladder te laat ry!
- Inflasie bly tans onder beheer en die aanduiding is dat dit in 2007 ook die geval sal wees. Die risiko's wat inflasie kan laat versnel, is die stygende internasionale olieprys, stygende voedselpryse, enige verswakking van die rand en die tekorte aan kundige en vaardige mense wat loon- en salaristygings kan laat versnel.
- Korttermynrentekoerse bly stabiel. Ek is steeds van mening dat hierdie koerse nie verder verlaag moet word nie om te voorkom dat verbruiksbesteding verder versnel. Die risiko vir hoër rentekoerse word gekoppel aan die tekorte van die lopenderekening van die betalingsbalans indien dit nie ten volle gedek kan word deur die invloed van korttermyn buitelandse kapitaal nie, hoër inflasie weens die versnelling van energie- en voedselpryse, lone en salarisse en 'n swakker rand.
- Langtermynrentekoerse word tans beïnvloed deur die stewige vertoning van die rand weens die hoë kommoditeitspryse en invloed van buitelandse kapitaal, die gesonde stand van die sentrale owerheid se begroting en die matige styging van die inflasiekoerse. Indien die totale besteding deur die owerhede van R372 miljard wel plaasvind in die periode tot 2010, of die rand sou verswak, kan dit wel opwaartse druk op hierdie rentekoerse plaas.
- Die rand word tans ondersteun deur die hoë kommoditeitspryse, die gevolglike invloed van buitelandse kapitaal – wat steeds meestal van 'n korttermyn aard is – asook 'n verswakking van die dollar teenoor meeste geldeenhede. My siening is egter steeds dat indien ons 'n reële groeikoers van meer as 3% oor die langer termyn wil handhaaf, moet ons uitvoer en kan ons dit nie doen met die huidige vlak van die rand teenoor die belangrike geldeenhede nie.



Beleggingsomgewing

- Korttermynrentekoerse in die VSA, Euroland en Japan sal eerder styg as daal in die res van die jaar. In die VK sal hierdie koerse hoofsaaklik sywaarts of laer neig. Terselfdertyd word verwag dat langtermynrentekoerse in al hierdie lande ook hoër sal neig in die periode tot die einde van die jaar. Opbrengste in die geldmarkte kan dus verbeter, terwyl winste in die kapitaalmark onder druk kan kom weens die verwagte styging.
- Die dollar kan steeds ondersteuning kry van die hoër VSA rentekoerse. Hierdie rentekoerse kan steeds buitelandse kapitaal aanlok wat die tekorte op die lopenderekening van die betalingsbalans sal finansier. Sentimente teenoor die dollar kan egter steeds negatief word weens die vrese dat die tekorte nie deur die invloed van buitelandse kapitaal finansier kan word nie, asook die negatiewe politieke sentimente weens die militêre betrokkenheid in die Midde-Ooste.
- Internasionale aandelebeurse vertoon steeds goed weens die goeie winssyfers wat bekend gemaak word. Hierdie tendense kan in die res van die jaar voortduur. Terselfdertyd moet die huidige styging van kommoditeitspryse en die impak wat dit op winsmarges kan hê indien prysstygings nie aan finale verbruikers deurgegee kan word nie, in gedagte gehou word. Baie goeie oordeel moet aan die dag gelê word met die aanwending van fondse in die aandelebeurse.
- Plaaslike kort- en langtermynrentekoerse behoort in die res van die jaar hoofsaaklik sywaarts te beweeg. My siening is egter dat die risiko's in die volgende twaalf maande groter is vir hoër eerder as laer rentekoerse. Die opbrengs op koerttermyn geld kan dus verbeter, maar die risiko vir kapitaalverliese op die kapitaalmark vergroot dus.
- Die aandelebeurs bied tans steeds goeie vooruitsigte veral weens die sterk vertoning van die plaaslike ekonomie en die aanduidings dat rentekoerse stabiel bly. Weens die hoë vlak van aandeelpryse sal investering in hierdie markte ook met omsigtigheid moet plaasvind.
- Die rand word tans deur die sterk vertoning van die kommoditeitsmarkte en die invloed van buitelandse kapitaal ondersteun. Die huidige vlakke van die rand is egter negatief vir die produksiesektore van die ekonomie, terwyl dit invoere aanmoedig. Dit wil ook voorkom asof die sentrale bank wel matige dollar aankop onderneem om te voorkom dat die rand veel meer teenoor die dollar verstewig.